BRING HOOP IN VROUEMAAND

Augustus vier ons die vele fasette van vroue – moeders, dogters, oumas, tannies – elkeen geskape met hul unieke persoonlikheid. Deur die geskiedenis van ons land sien ons vroue as praktiese planmakers, troosters, opvoeders, ondersteuners , maar wie ondersteun en dra die ondersteuners wanneer hul dit nodig het?

Christelike Lektuurfonds daag gemeentes uit om gedurende 2016 se Vrouemaand op verskillende maniere hoop te bring aan die vroue in ons gemeenskappe. Net 'n paar idees om jul kreatief te stimuleer vir die uitdaging:

1. Kry 'n groep bymekaar en reël 'n optog deur jul omgewing met die tema: HOOP. Bestel van Christelike Lektuurfonds se pamflette oor Hoop en onderwerpe wat vroue kan bemagtig en deel dit tydens die optog uit.







2. Omskep die kerksaal in 'n "Skoonheidsalon" vir een dag en nooi dames wat swaarkry om 'n bederfdag te beleef. Gaan tel hulle op, gee pedikuur- en manikuur behandeling, kry 'n haarkapper om hul hare te sny, grimeer hulle en bederf hul met koek en tee. Gee vir hulle van Christelike Lektuurfonds se pamflette en borg vir elkeen die boekie "Jy is goed genoeg" @ R10 per kopie - om hulle op 'n 40 dae reis te neem dat hul kosbaar is in God se oë.
3. Besoek die vroue in 'n tehuis vir bejaardes en bederf hul met 'n blom, koekies, sepie en sommer net met jou liefde en tyd. Onthou ook om vir hulle God se liefde in woorde te gee, met 'n Christelike Lektuurfonds pamflet of twee!
4. Aanvaar die uitdaging om 'n kopie van die pragtige dagstukkie boek "Hope between the barbwire fence" @ R160 aan te koop en die Heilige Gees te vra wie daarmee geseën moet word.

Deel asseblief julle Vrouemaand uitreike en foto's daarvan op Christelike Lektuurfonds se *Facebook*-blad by http://bit.ly/2ajrwFa. Daar sal ook gedurende Augustus twee-weekliks mooi gedagtes van toepassing op vroue op ons *Facebook*-blad verskyn, so gaan loer gerus vir idees om aan te stuur of uit te druk vir vriendinne, geliefdes en diegene wat hoop nodig het.

Vir meer inligting of bestellings besoek ons webwerf by www.clf.co.za, stuur e-pos aan info@clf.co.za of skakel ons by 021 873 6964.

Christelike Lektuurfonds help ouers vir hul kinders bid

Van die oomblik dat 'n vrou hoor sy is swanger, skop die beskermingsinstink in om haar kind veilig en geborge te hou. Daar is saam met die verwondering vir die lewe wat binne haar groei, ook vrae soos "Gaan my kind normaal wees?", "Hoe gaan ek my kind teen die slegte dinge in die lewe beskerm?", "Gaan ek 'n goeie ma wees?" en vele meer.

Christelike Lektuurfonds het reeds twee pragtige boeke in die nuwe *The Prayer Power*-reeks beskikbaar, om ouers deur swangerskapstyd en ook deur die eerste ses jaar van ’n kind se lewe te lei om saam as egpaar vir hul kind te bid. Kinders is ’n geskenk van Bo en daarom is dit belangrik dat ouers die krag van woorde wat hul oor hul kinders spreek, moet verstaan. Die boeke bevat kragtige seëninge en beloftes wat ouers oor hul kinders se lewens kan bid. Hierdie gebede fokus egter nie net op beskerming en gesondheid nie, maar spreek God se wil oor hul toekoms – of dit doel, keuse, gedagtes, struikelblokke, finansies of familie-nalatenskap is.



The Pregnancy Prayer Book is ’n wonderlike gids wat verwagtende ouers bemagtig om te bid vir guns en beskerming van hul kind van so vroeg as die eerste weke van swangerskap. Die unieke boek kombineer die biologiese, intellektuele en fisiese ontwikkelingsfases van die kind met lewensveranderende Skrif en gebed. Elke week van swangerskap bevat ’n Skrifgedeelte, ’n uiteensetting van hierdie swangerskapfase en dan volg ’n moedergebed en vadergebed met spasie vir aantekeninge deur die ouers.



The Toddler Prayer Book begin by geboorte en volg dieselfde patroon as *The Pregnancy Prayer Book*, terwyl daar deur die verskillende lewensfases tot op ses jaar beweeg word. Daar is ook afdelings soos vreugde, geloof, beskerming, selfbeheersing, vrug van die Gees, wysheid en vele meer waaroor daar vir ’n kind gebid word. Wat ’n kosbare geskenk wat ouers eendag vir hul kinders kan gee om te wys hoe ouers hul reeds vanaf swangerskap elke dag aan God opgedra het!

Seën swanger egpare en ouers van peuters en kleuters met hierdie twee pragtige boeke @ R120 elk (posgeld uitgesluit) en help daarmee om ’n gesin met sterk en gesonde Christelike lewenswaardes te vestig. Vir bestellings en meer inligting besoek www.clf.co.za of skakel 021 873 6964 of e-pos info@clf.co.za

Om *The Pregnancy Prayer Book* te bestel, klik op:
http://www.clf.co.za/books/latest-publications/product/561-the-pregnancy-prayer-book
Om *The Toddler Prayer Book* te bestel, klik op:
http://www.clf.co.za/books/latest-publications/product/562-the-toddler-prayer-book